AAN DIE LESER

Hierdie dokument is die samevatting van die gemeentestrategie en strukture soos wat dit sedert 1999 (29/04/99) beslag gekry het. Hierdie is die bedieningsfilosofie van NG Eldoraigne Familiekerk soos wat dit nou daar uit sien.

Die Strategiese Taakgroep is deurlopend besig om die strategie te evalueer, met aanbevelings aan die gemeenteraad. Dit is uiters noodsaaklik dat hierdie dokument die heel tyd as bronverwysing gebruik sal word. Dit help om te verstaan waarmee ons in die gemeente besig is en waarheen ons glo die Here met die gemeente op pad is.

Vir die verstaan van ons gemeentefilosofie, moet die strategie saam met die strukture gelees word. In baie gevalle is die bylae verduidelikende notas tot hetsy die strategie of die strukture.

Saam met die strategie is ook die doelwitbeplanning ingebind.

Dr Johan van den Heever
Sameroeper Strategiese Taakgroep
Oktober 2016

STRATEGIE 2017

1. INLEIDING

VERTREKPUNTE OOR GEMEENTEWEES IN DIE WÊRELD AS FOKUS VIR ONS WERK IN DIE GEMEENTE EN GEMEENSKAP

Ons, die NG Gemeente Eldoraigne Familiekerk, het gekies vir die identiteit van 'n familiegemeente. Ons definieer die woord Familie soos gebruik in "Familiekerk" as volg: "Familie dui op die verwantskap tussen ons lede en die manier hoe hulle afsonderlik en saam funksioneer, integreer, en saam bestaan. Dit dui op die onderlinge verhouding tussen al ons lede individueel asook verskeie ander groeperinge soos die huisgesin, jongmense, kategete, seniors, kleingroepe ens."

Ons beskou onsself deel te wees van 'n groter familie en gemeenskap. Ons wil dus groter verantwoordelikheid vir onsself, mekaar en ander aanvaar. As dissipels impliseer dit dat daar by individue, families, gesinne en die gemeente as geheel 'n diepe bewuswording sal kom van ons verantwoordelikheid teenoor mekaar, binne en buite die gesin of groep. Elke gesin of groep moet homself hierin ondersoek en vra na die wil van die Here in ons lewe. Hierdie is 'n proses wat vra na geduld, toewyding, volharding en gehoorsaamheid.

Die Woord van God en ons gehoorsaamheid daaraan staan sentraal. Die verkondiging van die Woord van God is dinamies, relevant, lewensveranderend en prakties toepasbaar in die alledaagse lewe. Ons maak 'n keuse vir die uitleef van meerdere spiritualiteite. Dit word veral sigbaar in ons aanbiddingsgeleenthede, wat ons eredienste insluit. Ons is positief oor hierdie verskeidenheid omdat dit 'n gegewe is en oordeel nie dat ons dit enigsins teen mekaar behoort af te speel nie. Ons glo dat 'n mens net verryk kan word deur blootstelling aan ander spiritualiteite se manier van doen, sonder om jou eie as minderwaardig te ag.

Ons is deurlopend by uitreikaksies betrokke in ons leef- en werkomgewing deur woord, daad en voorbeeld. Mense se behoeftes is nie net geestelik nie en daarom bedien ons hulle holisties (geestelik, fisies, emosioneel, intellektueel, sosiaal) wat beteken dat hulle vrygemaak word van bv vrees, skuldgevoelens, bekommernisse, verwerping, onsekerheid, alleenheid en nood (Luk 2: 52). Wanneer ons uitreik na mense binne en buite ons gemeente kom daar rustigheid, kalmte en sekerheid. Ons is ’n gestuurde gemeente.

Ons strewe, in die uitleef van ons liefde teenoor God, na uitnemendheid/voortreflikheid, deur die beste te gee in alles wat ons doen. Dit beteken ons strewe na voortdurende groei en ontwikkeling. Ons is op alle vlakke betrokke by toerustingsgeleenthede vir die onderskeie bedieninge waartoe ons geroep is.

Om ons waardes, beginsels en oortuiginge uit te leef, is vir ons normaal. Dit beteken dat elkeen van ons ‘n wesentlike verskil maak in die lewe van diegene met wie ons in aanraking kom. Ons weet dat aktuele en lerende prediking, kragtige gebed, deurlopende toerusting, toepaslike blootstelling en ervaring, mense se lewens verander en *vernuwe.*

As dissipels is ons navolgers van Jesus Christus, eensgesind onder mekaar en loof ons die Here uit een mond uit. Vriendskappe en verhoudinge is belangrik en daar word ruimte geskep vir verskeie kleingroepbedieninge in die gemeente waarby ons almal betrokke is. Ons word elkeen vertrou met ‘n bediening gebaseer op eie unieke gawes en talente. Die deugde van vriendelikheid, gasvryheid, ruimte vir mekaar, vreugde, gemoedsrus en hoop is kenmerkend en word gerugsteun deur ‘n bereidwilligheid om mekaar se laste te dra.

Mense getuig daarvan dat hulle graag deel van ons gemeente wil wees. Voornemende lidmate skakel maklik by ons gemeente in, omdat hulle aan ons bekend is en met die karakter van ons gemeente kan identifiseer.

Ons is kultureel relevant deurdat ons die erfenis en identiteit van ons kerk koester binne konteks van die gemeenskappe wat ons bedien. Ons is aangepas by ‘n vinnig veranderende omgewing en die besondere eise wat dit aan ons stel en funksioneer op die voorpunt van kennis, geleenthede en idees wat ondersteun word deur geskikte informasietegnologie. Ons is ingelig oor en betrokke by die bereiking van ons gemeentevisie en -missie en glo dat die Here genoegsaam voorsien (ook finansieel) vir elke bediening.

Effektiewe leierskap is ‘n gawe van God en ons word gelei deur dinamiese leiers met visie en oortuiging wat getuig van karakter en wat vertroue inboesem.

Ons fasiliteite en infrastruktuur is doelmatig, goed versorg en word deurlopend benut.

- Die verwesenliking van die uitgangspunte vind veral in vier groot bedieningsgestaltes plaas, te wete:
  - **Aanbidding** (gebed, liturgie en sakramente)
  - **Verkondiging** (prediking, onderrig en getuienis)
  - **Gemeenskap** (eenheid met mekaar in die gemeente en met gelowiges daar buite, onderlinge sorg vir mekaar)
  - **Diens** (praktiese werk ter verwesenliking van die gemeente se roeping in diens van God)

2. VISIE VIR ONS GEMEENTE

NG Gemeente Eldoraigne - Waar mense God beleef en as volgelinge van Jesus gemeenskappe vernuwe

3. DIE OPDRAG VAN ONS GEMEENTE

Gemeentemissie:

"Ons bou mekaar op deur betrokke te wees in persoonlike omgee-verhoudings en reik uit na alle mense met wie ons paaie kruis"

Hierdie missie/opdrag beteken n.a.v. Matt 22 en 28, dat ons:

- Die Here God met alles moet liefhê.
- Ons naaste moet liefhê soos onsself.
- In ‘n persoonlike verhouding met Jesus Christus staan.
- Moet gaan en van ander dissipels maak.
- Mense moet doop sodat hulle ‘n identiteit kan ontwikkel.
- Mense moet leer om gehoorsaam te wees aan die Here (sy Woord).

Ten einde suksesvol te wees in die uitvoering van die groot opdrag is die volgende uitsette veral belangrik:

- Ons gehoorsaamheid aan die Here se leiding na bestudering van sy Woord.
- Die vervulling van ons groot opdrag, deurdat ons van mense dissipels maak.
- Die vrug wat ons dra gegewe ons gawes en talente.

4. SLAGSPREUK

NG Eldoraigne Familiekerk – Gemeente met 'n missie, in 'n seisoen van gebed.

Ons gemeente bestaan dus inderdaad vir:

- Gelowiges.
- Ongelowiges (mense buite gemeenteverband).
- Daardie gemeenskappe waarbinne ons daagliks werk en leef (natuurlik binne konteks van ons omgewing).
- Diegene in ander omgewings wie se nood op geestelike en/of materiële gebied ons aandag, toewyding en gebed vra.

Die implikasie is die volgende fokusareas waarop ons bediening gerig is:

5. FOKUS AREAS EN DOELWITTE

Hierdie drie fokusse bly die agtergrond waarteen daar telkens nuut besin word:

Gebed

Kleingroepe

Uitreike

Gestuurdheid:

Ons is 'n gestuurde gemeente. Die verdere gegewe is dat ons verskillende spiritualiteite in die gemeente beoefen wat tot uitdrukking kom in die 09:00 erediens, die garagediens, die Chomps en die Adoramusdiens. Daar moet egter steeds gepoog word om die lidmate wat die dienste bywoon tot groter eenheid saam te snoer. Dit moet juis gebeur deur seker te maak dat die fokusareas by al die verskillende groeperings voorkom.

- Moet nie weer nuwe projekte uitdink nie.
- Elke lidmaat doen as gestuurde in sy onmiddellike omgewing dit waartoe hulle geroep word.
- Hierdie individuele aksies kan gedeel word.
- Gestuurdheid beteken ons is gebrokenes wat nie bang is om ons gebrokenheid te erken nie.

Gebed:

- Die gebedsbediening gaan voort met hulle aksies wat insluit gebedsgeleenthede na die erediens een keer per maand.
- Daar kan in die eredienste meer van liturgiese gebede gemaak word.
- Daar kan meer van stilte in die erediens gebruik gemaak word, soos bv die aansteek van 'n gebedskers nadat die leedkerse uitgedeel is.
- Stilte en gebedsgeleenthede moet by alle eredienste gebeur.
- Die Gebedsbediening moet poog om 'n persoon van die garagebediening en 'n kategeet uit die Chompsbediening op die gebedsbediening te betrek.
- Die gebedsbediening word versoek om voort te gaan om gebedssake as 'n aparte blaadjie in die afkondigings te plaas.
- Gebedsbediening moet in tyd gebedsgeleenthede rondom aktuele sake reel.
- Die Gebedsbediening word versoek om getuienisse te kom lewer. (Gesigte by bedieninge)

Kleingroepe:

- Die kwartaaltemas moet so ver as moontlik by al die onderskeie eredienste aan die orde kom. Met dien verstande dat die Junior kategese gespesialiseerde materiaal het wat oor 'n siklus van drie jaar deur gewerk word. Die volgende proses gaan gevolg word:
  - 1ste kwartaal “40 Dae” projek waarby die 09:00 en garage betrek word.
  - 2de/3de kwartaal word die junior kategese materiaal as oorkoepelende tema gebruik.
  - 2de/3de kwartaal word die garage se tema gebruik.
- Die kleingroepbediening moet poog om die week se tema kursories in die afkondigings te plaas.
- Kleingroepe word versoek om getuienisse te kom lewer. (Gesigte by bedieninge)
- Nuwe lidmate moet 'n volledige pakket ontvang wanneer hulle aanmeld. Bedieninge en aksies moet seker maak hulle inligting is in die pakket.

Uitreike:

- Elke lidmaat is 'n gestuurde. Dit sal in die eerste kwartaal as tema aan die orde kom.
- Uitreike word aangemoedig om steeds meer visuele terugvoer te gee.
- Uitreike moet seker maak bewusmaking van die uitreike geskied by al die eredienste.

6. GEDEELDE WAARDES WAAROP ONS GEMEENTESTRATEGIE BERUS

Ons waardes is ontwikkel vanuit die oortuiging dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is en dat ons almal daarna strewe om al hoe meer soos Jesus Christus te lewe. Die waardes is:

1. Ons is ’n missionêre familie waar die Woord van God sentraal staan.

2. Ons lewens moet getuig van ‘n persoonlike verhouding met Jesus Christus.

3. Ons is geroep om gemeenskappe te vernuwe.

4. Ons glo dat elke lidmaat betrokke moet wees by ’n bediening.

5. Ons glo in sigbare en tasbare omgee-verhoudings.

6. Ons glo in eerlike en oop kommunikasie.

7. Ons glo dat ons rentmeesters van God is t.o.v. alle aspekte van ons lewe.

8. Ons glo in kwaliteit bedieninge wat getuig van uitnemendheid.

STRUKTUUR VAN DIE GEMEENTE (Sien Aanhangsel C)

1. GEMEENTERAAD (STRATEGIES VERANTWOORDELIKHEID)

Bestuursbenadering

Erkenning word verleen aan ‘n verdeling van bestuursverantwoordelikhede van die gemeente aktiwiteite op die volgende drie vlakke:

- Strategiese bestuur
- Uitvoerende bestuur
- Operasionele bestuur

Strategiese bestuur

Met ‘n primêre strategiese fokus word die rol en funksie van strategiese bestuur as volg saam gevat:

Rol

- Strategiese beplanning en rigtinggewend
- Oorhoofse beleidstelling

Funksie

- Regsaanspreeklikheid
- Bemagtig en ken hulpbronne toe
- Delegasie struktuur

Kundigheidsbehoeftes op Strategiese forum

- Lerende ouderlinge
- Finansies
- Strategiese fasilitering
- Diensverhoudinge
- Bemarking
- Gemeenskapsverhoudinge

Samestelling

- Primêr strategies

- Kundigheidsgerig
- *Minstens 10 lede waarvan twee diakens moet wees.*

Funksionering

Die gemeenteraad wys self sy sekretaris/sekretaresse aan

- Beskikbaarheid
- Spesialisering
- Adviseurs
- Dinamies
- Strategie

2. BESTUURSKOMITEE

Voltydse funksionele bestuursverantwoordelikhede. Die rol en funksie van die uitvoerende bestuur word as volg saamgevat:

Samestelling

- Voltydse leraars
- Gemeentebestuurder (Indien een aangestel)

Soos nodig:

- Jeugwerkers
- Teologiese Student
- Jeug Koördineerder

Rol

- Konkretiseer die strategiese beplanning riglyne in ‘n bedieningsplan
- Oorhoofse kontrole oor bereiking van bedieningsdoelwitte

Funksie

- Stel ‘n bedieningsplan op en bestuur dit deurlopend
- Oorhoofse opstelling van begroting
- Doen verslag aan strategiese bestuur (Gemeenteraad)

Bestuur bedieninge

- Operasionele bestuur
- Verwys na die bestuur van bedieninge wat onder die leiding van die twee voltydse leraars val. Sien Bedieninge.

3. DIAKONIE

Tot die diakonie behoort die volgende:

- Die diakens (8)
- Die verwante dienswerkers op uitnodiging (29)

Nota: Die diakonie is uitsluitlik toegespits op sake wat verband hou met die bediening van diakens.

4. ANDER RADE/FORUMS

Daar bestaan ook verskeie ander forums waar bedieninge byeenkom om te beplan en koördineer i.t.v. ‘n spesifieke fokusarea. Voorbeelde van sulke rade/forums is die omsieners, herderleiers, dienswerkers ens. Die detail van hul agenda is nie in hierdie dokument bespreek nie.

4.1. PRISMA

Die doel van die bediening is om alle uitreik-projekte van die gemeente oorhoofs te ontwikkel, koördineer en ondersteun. Dit is nie ’n beheerliggaam nie maar wel ’n koördineringsliggaam vir alle uitreike. Ons wil nie die uitreike beheer van uit die Prisma werkgroep nie maar wel in die gees van “saam reik ons beter uit” wil ons die uitreike koördineer om so doende beter gebruik te maak van bronne en hulpmiddele.” Dit gaan dus nie om die begin van ‘n paar missionêre projekte nie, maar daaroor dat die gemeente wesenlike ‘n identiteitsverandering sal ondergaan en groei tot ‘n werklik missionêre gemeente.

In Eldoraigne Familiekerk maak ons voortaan onderskeid tussen bedieninge na binne en uitreike na buite. Ons besef dit is nie altyd moontlik om haarfyn tussen die twee, bediening en uitreik, te onderskei nie, maar wil nogtans t.w.v. ’n duidelike mandaat die twee konsepte uit mekaar begin haal. ’n Bediening na binne is dan alle bedieninge deur lidmate aan lidmate. ’n Uitreik is ’n bediening of projek deur lidmate aan mense in ons gemeenskappe.

Samestelling

Prisma se dagbestuur sal uit ’n aantal lede bestaan wat die dag tot dag funksies van Prisma sal bestuur. Die dagbestuur sal so ver moontlik ad hok geleenthede koordineer en bestuur. Dit sluit bv. in die kort termyn uitreike wat aan kleingroepe deur gegee word. Hierdie groep vergader ongeveer een maal per maand.

Die Prisma-koordineringsvergadering, wat een keer per kwartaal vergader, het ten doel om bestaande uitreike te koordineer in die sin van gesamentlike beplanning wat betref datums vir sprekers, fondsinsameling, deurkollektes, ens.

6. BEDIENINGE

Bedieninge gebeur formeel/georganiseerd en informeel/spontaan. Die volgende formele bedieninge bestaan: (dit kan vermeerder of verminder).

- Diakonie
- Kleingroepe,
- Erediens,
- Jeug,
- Eiendom en Sekerheid,
- Prisma,
- Tamara
- Mannebediening
- Vreugdediens,
- Gebed
- Meditasie
- Finansies en Administrasie
- Diensverhoudinge
- Junior Kategete.
- Senior Kategese
- Senior Kerk Aksie

Die informele (eie) bedieninge begin spontaan en gebeur as deel van die lidmaat of groep se persoonlike oortuiging of roeping. Koördinering vind sover moontlik plaas binne konteks van die bestaande formele bedieninge. Projekte word deur die uitvoerende bestuur gekoördineer en kan vanuit formele- of informele bedieninge ontstaan.

6.1 KLEINGROEPBEDIENING

Die Gemeente is verbind tot die beginsel van kleingroepbedieninge en bevestig die volgende belangrike vertrekpunte:

Die noodsaaklikheid en belangrikheid van bediening in kleingroepverband. Met kleingroepe bedoel ons (daar sou ook ander omgeegroepe kon bestaan) groepe wat spontaan ontstaan waar gesinne en enkellopendes saam groepeer. Basiese kenmerke van genoemde kleingroepe is:

- Die spontane en sover moontlik natuurlike assosiasie van gemeentelede.
- Gesinne en enkellopendes skakel in.
- Die groep groei en verdeel wanneer lede toegevoeg word.
- Lede word genooi om aan te sluit of dui aan dat hulle wil inskakel.
- Die groep fokus op ’n drieledige doel:
  - Die verheerliking van God d.m.v. die Woord en gebede.
  - Omgee en onderlinge versorging .
  - Uitreik na buite d.m.v. ’n bediening.

‘n Kleingroep sal ideaal gesproke, bestaan uit 5 gesinne of wooneenhede. Die samestelling impliseer verder:

- Dat elke kleingroep (wanneer nodig) hulself verbind tot die aanneem van ’n gesin/enkellopende wat moontlik onbetrokke blyk te wees.
- Die kleingroep bepaal self hoe gereeld hulle by nekaar kom, maar verkieslik nie minder as een keer per maand nie.
- Dat kleingroepe hulself saamstel en ‘n herderleier uit eie geledere aanwys of verkies.
- Dat daar vir elke vier herderleiers (maw by implikasie 4 kleingroepe) een omsienerouderling sal wees. Tans is daar egter net drie omsienerouderling vir kleingroepe met 23 kleingroepe.
- Dat die omsienerouderlinge verantwoordelikheid aanvaar vir die toekenning en plasing van onbetrokke lidmate**.**

In ‘n snelveranderende wêreld kan die Gemeente nie voorskriftelik wees oor die formaat van kleingroepe nie. Die Gemeente besef dat daar kleingroepe kan bestaan/ontstaan wat totaal anders kan funksioneer. Hier dink ons aan Bybelstudiegroepe, A-spanne en beradings- of gebedsgroepe. Die beginsels van verdeling en toevoeging behoort egter deurgaans gehandhaaf word.

7. OMGEE EN PASTORAAT

Die hart en fokus van gemeentewees is om vir mekaar om te gee en mekaar ook te versorg. Die volgende is enkele belangrike beginsels waarop die res van die model gebaseer is:

- Omgee en versorging gebeur primêr in kleingroepverband (lidmate onderling, asook die rol van die herderleiers en dienswerkers).
- Die omsieners (ouderlinge) is die eerste kontak wanneer daar pastoraal omgesien word na lidmate.
- Krisispastoraat- en hospitaalbesoek, soos vermeld, is die primêre verantwoordelikheid van die betrokke leraar(s) in samewerking met die gemeente se omgeegroep vir pastorale ondersteuning.
- Algemene huisbesoek deur die leraar(s) en omsieners is belangrik en gebeur per afspraak soos versoek deur die betrokke lidmaat/huisgesin/omsiener.
- Nuwe intrekker besoeke is belangrik en gebeur onmiddellik soos gerapporteer.

8. AMPTE

Lees die volgende paragrawe saam met Aanhangsels A en B

Die ampte wat formeel bestaan in die gemeente en waartoe lidmate bevestig word vir hul dienswerk is:

- Ouderlinge (die gemeenteraad besluit in watter rol: lerend, regerend en omsieners)
- Diakens

Die ander ampte wat informeel bestaan en waartoe gemeentelede nie noodwendig bevestig word nie (kan wel bekendgestel word), verdeel primêr in:

- Kleingroepe (dienswerkers en herderleiers)
- Diakonie dienswerkers
- Informele bedieninge
- Kategete

8. 1 OUDERLINGE

Die taak van die ouderling lê op die terrein van geestelike leiding, regering (toesig) en versorging/omsien in die kerk. Ons onderskei daarom tussen lering, regeer en omsien of versorging.

8.1.1 Lerende ouderlinge (hierna genoem leraars)

Die hooffokus val op woordbediening, toerusting en die bemagtiging van lidmate. Die verantwoordelikheid is om:

- in die openbaar formeel te preek en te leer sodat ander op ‘n persoonlike basis weer medegelowiges kan leer;
- te sorg dat die leer suiwer is; en
- dwaallering te weerlê om sodoende die gemeente te beskerm.

8.1.1.1 Leeramp se pligte (kollektief)

Die leraar se pligte behels onder andere:

- Leidinggewing deur volledig verantwoordelikheid te aanvaar vir die visie, missie en waardes van die gemeente
- Gebruik van gawes (spesialisasie vind dus plaas)
- Gee leiding, strategiese rigting en bestuur enige afwyking
- Groei dmv opleiding en seminare/kursusse
- Word ‘n mentor – spandeer tyd in bedieninge/projekte – luister
- Neem deel en raak deel van ‘n wenspan
- Motiveer en inspireer
- Bid vir die gemeente
- Vestig deurlopend ‘n doelmatige bedieningsmodel
- Is lid van gemeenteraadvergaderings
- Is lid van ander toepaslike vergaderings
- Wees ‘n voorbeeld en rolmodel vir die gemeente
- Gebruik jou gawe deur om te gee, te versorg en onderrig te gee – wees ‘n herder

Opmerking: ‘n Formele dienskontrak bestaan tussen elke leraar en die gemeenteraad soos onderhandel, ooreengekom en goedgekeur deur die gemeenteraad.

8.1.2 Regerende ouderlinge (hierna genoem ouderling)

Die regerende ouderling moet veral toesig hou en oordeel of dit reg gaan in sake van geloof en lewenspraktyk.

Hul taak is om

- te voorkom dat dwaalleer in die gemeente insluip;
- te sorg dat daar nie skeuring in die gemeente kom nie;
- te sorg dat daar goeie orde en dissipline is;
- leiding te gee wanneer daar strydpunte ontstaan;
- in die normale groeipyne van die gemeente gesonde Bybelse leiding gee;
- verantwoordelikheid te aanvaar vir die welwese van die gemeente;
- toesig te hou dat gesag nie misbruik word nie; en
- dat daar nie partyskappe in die gemeente ontstaan nie.
- besluite te neem (regspreek) oor
  - sake rakende leer,
  - persoonlike konflikte,
  - morele strydpunte; en
  - die algemene rigting waarin die kerk of gemeente beweeg;

8.1.2.1 Regeeramp se pligte

Die ouderling se pligte behels:

- Bestuur (aanvaar volledig verantwoordelikheid) vir die visie, missie en waardes van die gemeente
- Gebruik hul spesifieke gawes
- Gee leiding, strategiese rigting en bestuur enige afwyking
- Groei dmv opleiding en seminare
- Word ‘n mentor – spandeer tyd in bedieninge/projekte – luister
- Raak betrokke deur leiding te neem by projekte
- Raak deel van ‘n wenspan
- Motiveer en inspireer
- Wees ‘n voorbeeld (rolmodel) vir die gemeente
- Bid vir die gemeente
- Vestig deurlopend ‘n doelmatige bedieningsmodel
- Is lid van die gemeenteraad en ander toepaslike vergaderings
- Gebruik jou gawe deur om te gee, te versorg en onderrig te gee – wees ‘n herder
- Die deurlopende identifisering en pre-advies van potensiële ouderlinge vir die regeeramp

8.1.3 Omsiener ouderlinge (hierna genoem omsiener)

Die omsieners ondersteun leraars, herderleiers/dienswerkers en is betrokke by die geestelike en fisieke behoeftes van gemeentelede. Omsieners vir bedieninge dien op die Uitvoerdende Raad.

Hulle moet :

- as herders optree wat herderleiers, dienswerkers en die gemeente versorg;
- vol medelye wees; en
- persoonlik betrokke wees by gemeentelede, herderleiers/dienswerkers.

8.1.3.1 Omsiener ouderling se pligte

Die omsiener se pligte is:

- Bedien herderleiers, dienswerkers, ander kleingroepleiers
- Gebruik jou gawe deur om te gee, te versorg en onderrig te gee – wees ‘n herder
- Groei dmv opleiding en seminare
- Word ‘n mentor – spandeer tyd met kleingroep(e) en kleingroepleiers – luister graag
- Raak betrokke deur leiding te neem - word ‘n rolmodel – aanvaar verantwoordelikheid, motiveer en inspireer
- Skep jou eie wenspan – werwing
- Wees ‘n voorbeeld (rolmodel) vir die gemeente
- Bid vir die gemeente (kleingroepbedieninge)
- Bestuur die kleingroepbedieninge saam met ander
- Kommunikeer met dienswerkers en gemeentelede
- Woon bedieningsraad toerustingsgeleenthede by
- Die deurlopende identifisering en pre-advies van potensiële ouderlinge vir die omsieneramp
- Aanvaar oorhoofs verantwoordelikheid vir daardie gesinne wat oënskynlik onbetrokke en uitgesluit is van die kleingroepbediening.

8.2 Diakens

Die diakenamp veronderstel diens en bediening.

Dit beteken om:

- diens te lewer namens Christus;
- diens te lewer na die voorbeeld van Christus; en
- die klem te laat val op praktiese dienswerk.

8.2.1 Die diakenamp se pligte

Die diaken se pligte is:

- Versorging van armes en gepaardgaande materiële nood

- Hanteer alimentasie gevalle (leierdiaken)
- Groei dmv opleiding en seminare
- Word ‘n mentor – spandeer tyd met dienswerkers en kleingroepleiers – luister graag
- Raak betrokke deur leiding te neem - aanvaar verantwoordelikheid, motiveer en inspireer
- Skep ‘n eie wenspan – werwing
- Wees ‘n voorbeeld (rolmodel) vir die gemeente
- Bid vir die gemeente
- Bestuur die werksaamhede van die diakonie (wat insluit projekte)
- Is betrokke by die werksaamhede van die gemeenteraad
- Woon diakonie en bedieningsraad toerustingsgeleenthede by
- Die deurlopende identifisering en pre-advies van potensiële diakens vir die diakenamp
- Gebruik gawes deur bepaalde bedieninge in die gemeenteraad te verteenwoordig. Hierdie bedieninge sluit in:
  - Diens in die erediens
  - Dankoffers
  - Toonbank
  - Sekuriteit
  - Nuwe intrekkers

Daar sal minstens 2 diakens op die gemeenteraad dien. Diakens word in die amp van diaken bevestig. Die diakens aanvaar verantwoordelikheid vir ‘n aantal dienswerkers wat behulpsaam is in die uitvoering van die diaken amp.

Hierdie dienswerkers verdeel soos volg:

- Erediens – 2 diakens asook 6 dienswerkers
- Dankoffers – 2 diakens asook 8 dienswerkers
- Toonbank – 1 diaken asook 6 dienswerkers
- Sekuriteit – een diaken en 1 dienswerker (word uiteindelik ondervang met ‘n bediening)
- Leierdiaken – 1 diaken asook 1 skriba dienswerker
- Nuwe intrekkers – 2 diakens asook 4 dienswerkers

9. DIENSWERKERS

Die dienswerker taak veronderstel lidmate wat met verskeie bedieninge hul gawes en talente inspan tot opbou van die gemeente. Die wese van die taak veronderstel dienswerk en word hierna kortliks beskryf. Dienswerkers dien nie noodwendig op die gemeente raad nie.

Die Kleingroepherderleier word nie in die amp bevestig nie en dien ook nie op die gemeenteraad nie.

9.1 Erediens dienswerker

Die erediens dienswerker fokus op diens tydens die erediens sodat die verrigtinge vlot verloop en ‘n atmosfeer van gasvryheid en hartlikheid beleef word.

Die pligte behels verder:

- Die saamstel van ‘n dienslys
- Organiseer die opneem en tel van erediens- en deurdankoffers
- Ontmoet lidmate en deel die afkondigings uit
- Wys plekke in die erediens aan
- Reël bediening en opruiming tydens nagmaal geleenthede
- Is behulpsaam met die bediening van tee na eredienste

Ongeveer 6 erediens dienswerkers sal die diakens behulpsaam wees in die eredienste. Die erediens dienswerkers word nie in die amp bevestig nie en dien ook nie op die gemeenteraad nie.

9.2 Dankoffer dienswerker

Die dankoffer dienswerkers fokus op die effektiewe insameling van dankoffers asook die optimalisering van die gemeente inkomste.

Die pligte behels die volgende:

- Debietorderstelsel
  - Organiseer die debietorders as primêre metode van dankofferbydrae in die gemeente

- Organiseer die jaarlikse aanpassing van die debietorder-bedrae
- Skakel in by die nuwe intrekkerbediening

Ongeveer 8 dankoffer dienswerkers die diakens behulpsaam sal wees met insameling.

9.3 Toonbank dienswerker

Die toonbank dienswerkers fokus op die bemanning van die toonbank tydens erediens geleenthede ten einde gemeentelede gemaklike toegang te laat verkry tot administrasie en informasie in die gemeente.

Die pligte behels onder meer die volgende:

- Stel ‘n dienslys vir die bemanning van die toonbank saam
- Skakel met persone en strukture wat die toonbank wil gebruik

Ongeveer 6 toonbank dienswerkers sal die diakens behulpsaam wees met informasie en administrasie.

9.4 Sekuriteit dienswerkers

Die sekuriteit dienswerkers sien toe dat die kerkkompleks aan die basiese sekuriteitsbeginsels voldoen en vestig dit as ‘n bediening in die gemeente.

Die pligte behels onder meer die volgende:

- Neem stappe om dit as ‘n aparte bediening in die gemeente te vestig

Die riglyn, om die sekuriteit van die gemeenteterrein te hanteer, word as ‘n bediening van lidmate aanvaar.

9.5 Nuwe intrekker dienswerkers.

Die nuwe intrekker dienswerkers het ten doel om alle nuwe intrekkers so spoedig moontlik te besoek en te laat tuis voel in die gemeente.

Die pligte behels die volgende:

- Die administrasie van die sisteem in samewerking met die kerkkantoor

- Die fasilitering van informasie (die aanmelding) van nuwe intrekkers
- Integrasie met die vreugdediens se tee aan nuwe intrekkers
- Die tydige kommunikering van belangrike informasie na nuwe intrekkers
- Die daarstel van ‘n nuwe intrekker nuusbrief

Ongeveer 4 tot 7 nuwe intrekker dienswerkers sal die diakens behulpsaam wees met informasie, administrasie en besoeke.

9.6 Ander dienswerkers

Daar bestaan ruimte vir vele dienswerkers wat in bepaalde bedieninge (veral informeel) funksioneer.

10. KLEINGROEPHERDERLEIER

Die herderleier funksioneer in noue samewerking en ondersteuning vanaf omsienerouderlinge vir kleingroepe. Hulle is primêr betrokke by die geestelike en fisieke behoeftes van kleingroeplede.

Die pligte van die herderleier sluit in:

- Maak deurlopend en hartlik kontak met elke gesin/individu
- Is sensitief vir die behoeftes van die gesin/individu
- Tree op as noodlyn (oor op die grond)
- Dien as informasie en kommunikasie kanaal (tweerigting)
- Versterk die verband tussen lede
- Ondersteun die omsienerouderling in sy taak
- Beskikbaarheid vir deurlopende toerusting
- Bestuur, organiseer en lei sy/haar kleingroep

Aanhangsel A

DIE OUDERLING AMP IN ‘N KLEINGROEP GEBASEERDE GEMEENTE

‘n Bybelse uitgangspunt vir die werk van ouderlinge

Regering (”episkopos”)	**Versorging (Omsieners - presbuteros”)**	**Lering (“Kerugma/didache”)**
• Toesighouding • Regspraak • Dwaalleer • Skeuring • Goeie orde • Leiding gee • Welwese • Gesagsmisbruik • Partyskappe	• Persoonlike kwaliteite • Fisieke behoeftes • Geestelike behoeftes • Herders wat versorg • Medelye • Persoonlik betrokke	• Formele prediking • Persoonlike lering • Leersuiwerheid • Dwaalleer weerlê
Gemeenteraad	**Kleingroepbediening**	**Leraarsgroep**
• Visie • Missie/opdrag • Waardes • Bedieninge • Projekte	• Omsiener vir herderleiers en dienswerkers vir die gemeente • Omsiener vir formele bedieninge in die gemeente	• Versorging • Uitreikbestuur • Seniorjeugbestuur • Lering en onderrig

Aanhangsel B

OUDERLINGE KWALITEITE

Ouderlinge lê klem op persoonlike kwaliteite:

- persoonlike dissipline in lewenskwaliteit en moraliteit
- die vermoë om sy familie goed te regeer
- gawes van onderrig
- goeie persoonlike verhoudings
- ‘n goeie naam in die omliggende en heidense wêreld

Persoonlike kwaliteite:

- soberheid in lewensstyl
- iemand met goeie oordeel
- nie afhanklik van drank
- nie opvlieënd nie
- geduldig en neem ander in ag
- iemand wat nie twis soek nie
- nie materialisties of gierig (oneerlike wins)
- nie ‘n nuwe gelowige nie
- nie sy eie wil afdwing nie
- nie kort van humeur nie
- liefde vir die goeie, morele en etiese waardes
- regverdig
- toegewy aan God
- selfbeheersing

Openbare kwalifikasies:

- onberispelik in gedrag
- gasvry
- goeie reputasie by mense binne en buite die gemeente

Kwalifikasies tov gesin:

- getrou aan sy vrou of haar man
- moet eie huishouding goed kan bestuur

- waardige gesag oor kinders uitoefen
- sy kinders moet gelowig wees en nie losbandig lewe nie

Kwalifikasies vir bediening:

- bekwaam om ander te leer
- getrou aan die woord waarin hyself onderrig is
- moet ander aanmoedig met die gesonde leer
- moet teenstanders van die Christelike leer kan weerlê

AANHANGSEL C

GEMEENTESTRUKTURE

Leiding aan die bedieninge in en vanuit die gemeente

Die gemeenteraadstruktuur moet ruimte maak vir die belangrikste aspek van kerk-wees naamlik om in hierdie wêreld aan Christus gestalte te gee deur sy bediening uit te leef. Ons strukture moet dus ons doelbewuste skuif van ‘n instandhoudingsgemeente na ‘n missionêre gemeente reflekteer.

Daar is ‘n hele aantal bedienings wat in die geloofsgemeenskap gestalte kry. Hierdie bedieninge moet altyd ‘n missionêre gerigtheid vertoon. Die bedienings in en vanuit die kleingroepgebaseerde gemeentes moet gekoördineer word ten einde dit optimaal te benut. Terselfdertyd moet ander gelowiges wat in die betrokke bediening belangstel ook die geleentheid hê om betrokke te kan raak.

Soos wat die behoeftes in die gemeente en gemeenskap verander, behoort daar voortdurend nuwe bedieninge te ontstaan. Die implikasie is ook dat bedieninge kan ontbind. Daar behoort bedienings te ontwikkel waarby gelowiges met die bepaalde belangstelling en geestelike gawes betrokke kan wees. Die bedienings kan gelei word deur ‘n koördineerder of bedieningsleier wat op grond van sy/haar gawes as ouderling bevestig kan word.

Die versorgingsfunksie (pastoraat)

Om te kan dien, moet gelowiges versorg word. Hierdie versorging vind in die kleingroepgebaseerde gemeentes plaas deurdat gelowiges aan mekaar aandag gee en deur ‘n herderleier wat elkeen in hul geloofsgroei en ontwikkeling begelei. Die herderleiers word op hulle beurt weer deur ervare omsieners en die omsieners deur pastorale leraars begelei. Dit is logies dat die omsieners en later slegs die pastorale leraars as ouderlinge op die gemeenteraad kan dien. Dit is nie omdat hulle die ander “verteenwoordig” nie want die gemeenteraad is nie ‘n demokratiese liggaam nie. Dit is omdat hulle die gawes, ervaring en toerusting het om as herders die groot kudde te versorg. Daar kom dus binne ons missionêre gestalte ‘n duidelike

onderskeiding tussen die bestuur van die gemeente en die omsien van mense binne ons gemeente en gemeenskap.

Die versorgingsfunksie (diens van barmhartigheid)

Die gelowiges in die kleingroepgebaseerde gemeente word meestal in hulle nood spontaan deur hulle medegelowiges bygestaan. Daar is egter ‘n diakonie nodig om aandag te gee aan die lidmate wat nie by sulke liefdesgemeenskappe betrokke is nie. Die diakens moet egter met diens van barmhartigheid besig wees en nie bloot as skakelbeamptes of organiseerders optree vir lidmate wat hulle nie met die gekose bedieningsmodel vereenselwig nie. Lidmate maak deurgaans die keuse om by NG Eldoraigne Familiekerk in te skakel al dan nie. Die implikasie van lidmaatskap is om jouself te vereenselwig met die gekose strategie.